Welkom by kwartaal 1, 2019

Welkom terug, dis 'n nuwe jaar propvol kanse om saam musiek te maak! By Ovie-Vibz glo ons in geleenthede en in 2019 sal daar heelwat wees. Ons begin met ons "Recording show" in Maart; daar is voordragkonserte in kwartaal 2 en 4, ons "Band shows" in kwartaal 3, tesame met verskeie kompetisies en kunstefeeste waaraan studente kan deelneem.
Ons nuusbriewe en kennisgewingbord by die skool sal altyd die nuutste inligting voorhou sodat niemand op die geleenthede kan uitmis nie. Vra gerus ook jou onderwyser vir besonderhede.

In hierdie nuusbrief kan julle meer lees oor ons 9 les sisteem; belangrike datums vir 2019; kompetisie inligting en soveel meer!

what's new?

Ovie-Vibz gaan alle verwagtinge oortref in 2019!

- Ovie-vibz gaan hierdie jaar MUSIEK PRODUKSIE klasse aanbied! Musiek produksie sluit in: *"audio production, electronic music production, mixing, editing, mastering or sound for media"* vir slegs R265 p/maand, en die klasse neem aanvang in Februarie. Kontak asseblief vir Lerina of stuur 'n epos na ovievibz@gmail.com as jy belangstel.

- Ons sal binnekort ons eie webblad hê tesame met ons sosiale media profile, waar julle fotos, videos, inligting oor verskeie klasse en meer kan vind. Die web adres sal: www.ovievibz.co.za wees. Die webblad is steeds onder konstruksie en ons sal julle laat weet sodra dit aktief is. Volg ons intussen op Facebook, Instagram en YouTube.

  https://www.facebook.com/ovievibz/

  https://www.instagram.com/ovievibz/

  https://www.youtube.com/channel/UCKwNXYd9Aam-bJ8jNIEIK9Q/videos (or search for Vibrience)

- Ons gaan hierdie jaar ons eerste musiek-kamp aanbied tydens die laaste week van die Julie vakansie. Ons gaan ook 'n dinee hou vir Vibrience Music Notes se 15 jaar vieringe in Augustus. Onthou om uit te kyk vir inligtingsblaadjies en kennisgewings vir meer informasie.

9 lesse per kwartaal sisteem

Studente sal 'n totaal van 9 lesse per kwartaal ontvang. Studente en onderwysers stem hiertoe in sodra die eerste paaiement van elke kwartaal betaal is. Studente sal dus in totaal 36 lesse vir die jaar ontvang. Studente wat later binne 'n kwartaal inskakel sal pro-rata betaal vir lesse vir die res van daardie kwartaal. Ons het presensielyste waarop elke student hulle lesse afmerk en ons werk vooruit - met ander woorde, wanneer kwartaal 1 se 9 lesse voltooi is begin ons afmerk aan kwartaal 2 se lesse. Op hierdie manier is daar ruimte vir eksamen bloktyd en onvoorsiene omstandighede.
'n Minimum van 48 uur kennis is nodig vir die kanselasie van lesse deur studente, of onderwysers (spesiale omstandighede word in ag geneem). Geen terugbetalings, krediet of afslag sal gegee word vir lesse wat gemis word sonder kennisgewing nie. Studente moet ook asseblief probeer om stiptelik by hulle lestye te hou tensy hulle 'n persoonlike reeling met hulle onderwyser tref.

Lesfooie kan kwartaaliks betaal word of in paaiemente:
Kwartaaliks: (4 paaiemente per jaar) Lesfooie kan in 4 kwartaalikse paaiemente vooruit betaal word, bv 1 - met registrasie; 2 - 1 April; 3 - 1 Julie en 4 - 1 Oktober.

Maandelikse paaiemente: (3 paaiemente per kwartaal - 1 paaiement is vir 3 lesse) Hierdie maandelikse paaiemente is betaalbaar teen die 7de dag van elke maand.
Hierdie vaste maandelikse paaiement is betaalbaar ongeag hoe die lesse binne die maande van die kwartaal val en is vooruit betaalbaar.

Met ander woorde:
Januarie se paaiement: Kwartaal 1, les 1, 2 & 3
Februarie se paaiement: Kwartaal 1, les 4, 5 & 6
Maart se paaiement: Kwartaal 1, les 7, 8 & 9

April se paaiement: Kwartaal 2, les 1, 2 & 3
Mei se paaiement: Kwartaal 2, les 4, 5 & 6
Junie se paaiement: Kwartaal 2, les 7, 8 & 9

Julie se paaiement: Kwartaal 3, les 1, 2 & 3
Augustus se paaiement: Kwartaal 3, les 4, 5 & 6
September se paaiement: Kwartaal 3, les 7, 8 & 9

Oktober se paaiement: Kwartaal 4, les 1, 2 & 3
November se paaiement: Kwartaal 4, les 4, 5 & 6
Desember se paaiement: Kwartaal 4, les 7, 8 & 9

Bank besonderhede

LET WEL: Die Vibrience rekening is nie meer besikbaar nie! Gebruik asb die Ovie-Vibz rekening:

Besonderhede:	Ovie-Vibz:	Betalings metodes:
Bank:	First National Bank	1. Elektroniese oorplasing (EFT)
Tak:	Kolonnade	*[Ons verkies hierdie opsie]*
Rekening naam:	Ovie-Vibz	2. Kontant
Rekening tipe:	Current (Cheque)	*[maak seker u ontvang*
Rekening nommer:	62651285530	*'n kwitansie]*
Verwysing:	Student se naam EN van	

Belangrike Datums 2019

Kwartaal 1	9 Jan - 15 Maart
Recording Show	8 & 9 Maart
Kwartaal 2	2 Apr - 14 Junie
Voordragkonserte	13 - 15 Mei
KAMP	3 - 6 Julie
Kwartaal 3	9 Jul - 20 Sep
VMN Dinee	2 Augustus
Band show	16 & 17 Aug
Kwartaal 4	1 Okt - 4 Des
Voordrag konserte (Snr)	21 Okt - 23 Okt
Voordrag konserte (Jnr)	28 Okt - 30 Okt

KAMP - Julie 2019

Kom wees deel van ons eerste musiek kamp aan die einde van die Julie vakansie:

Datum:	4 - 6 Julie 2019
Plek:	Altelekker Jeugkamp
Inskrywingsfooi:	R900 - R1000 *
Inskrywings sluit:	10 Junie 2019

* Meer inligting volg binnekort!

Eksamen uitslae

Baie geluk aan

Ané Barnard - 90% Onderskeiding vir Rockschool Gr 7 Sang Eksamen

Telani Jv Rensburg - 85% Onderskeiding vir Unisa Gr 2 Teorie Eksamen

Onderwyser verjaarsdae

Juretha Swanepoel	12 Januarie
Martie Viljoen	11 Februarie
André Liebenberg	3 Maart
Angelique Mulder	6 Maart
Mareli Benade	15 Maart

Baie Geluk!

Baie geluk aan Elané en Divan met hulle huweliksbevestiging op 1 Desember 2018! Mag julle baie gelukkige jare saam hê!

Performance Opportunities

Recording Show 8 & 9 Maart

Die "Recording Show" is die geleentheid waar studente hulle liedjie in 'n professionele ateljee (Exclamation Studios) kan opneem en selfs op YouTube kan sit. Dit is nie verpligtend om jou liedjie op te neem om aan die konsert deel te neem nie, maar almal wat dit al gedoen het, sal kan bevestig dat dit een van daardie "carpe diem" momente is—'n geleentheid om met albei hande aan te gryp. Die opnames van die studente se liedjies is dan na die konserte ook "te koop" aan ander studente. So kan die studente nog boonop 'n geldjie verdien. Wat moet jy weet om in te skryf:

* 'n Keuse van liedjie binne die tema—Grammy Awards

*Opname koste—sien kolom onder

* Kies 'n Saterdag en tydsgleuf in Januarie of Februarie vir opname

* Verkoop kaartjies (minimum van 3 per item gelewer) vir die konsert:

R90 per persoon en bring jou eie piekniek mandjie.

Maklik né?

Kom gryp die geleentheid!

Recording prices 2019

	3min song	90sec song
Backtrack & 1 recording	**R470**	**R280**
2 recordings	**R550**	**R350**
Backtrack & 2 recordings	**R550**	**R350**
Ekstra recording	**R200**	**R150**
YouTube video of recording R80		

Kompetisies Kw 1

Inskrywings is oop vir die volgende kompetisies:

Talent Africa - Solo inskrywings R165; R370 vir 3 items en R110 vir elke ekstra solo inskrywing. Duette R275 per item. Inskrywings sluit 1 Februarie!

KWTSA - Kids with Talent South Africa. Inskrywings R350 per solo; R500 per duet. Inskrywings sluit 15 Maart

Pta Eisteddfod - Eerste sessie (April - Mei) - Sang Inskrywings sluit 18 Februarie
Tweede sessie (Aug) -Instrumentaliste Inskrywings sluit 24 Mei

Allegretto Eisteddfod - R55 solo, R75 sang met backtrack, R200 duet.
Inskrywings sluit: Drama - 8 Februarie; Sang - 15 Maart; Dans - 12 April; Instrumentaliste - 12 April.

Rockschool Eksamens

Rockschool praktiese eksamen sessies

4 Maart - 15 Maart	Sluitingsdatum 4 Februarie
20 Mei - 7 Junie	Sluitingsdatum 11 April
7 Oktober - 15 November	Sluitingsdatum 30 Aug.

Rockschool Teorie eksamen sessies

23ste Maart	Sluitingsdatum 11 Februarie
20ste Julie	Sluitingsdatum 10 Junie
14de Desember	Sluitingsdatum 4 November